

Nou druk 'n Jood Verwoerd van sy plein af!



Verwoerd as 'n Jongman

SAMMY Marks, pionier-sakeman in die dae van die ZAR, en nogal 'n Jood, het nou byna vir Hendrik Verwoerd van die plein in die middestad afgedruk.

Die Verwoerdplein sou eers die hele straatblok oorkant die Strijdomplein beslaan het, ingevolge 'n 1966-besluit van die Stadsraad. Dié besluit is enkele dae na die moord op Verwoerd geneem.

Maar intussen het 'n konsortium sakemanne sowat twee derdes van die straatblok gekoop en besluit om dit liefs te vernoem na 'n pionier-sakeman van Pretoria, Sammy Marks. Die mooi baksteen-gebou reg op die straatfront in Kerkstraat, staan ook bekend as die Sammy Marks-gebou.

Hier gaan 'n kompleks van R215 miljoen opgerig word.

Van Verwoerdplein het nou net 'n derde oorgebly, op die hoek van Prinsloo- en Kerkstraat. Dis die grootte van 'n klein agterplasje en gaan deur die Stadsraad ontwikkel word saam met die res van die terrein.

Die Hendrik Verwoerd Monumentfondskomitee, met dr Willem Cruywagen as voorsitter, lyk vasberade om ten spyte van die omstredenheid, voort te gaan met die plan om 'n gedenkteken, hetsy 'n monument of 'n beeld, op die lappie grond aan te bring.

Die gedagte was vroeër dat 'n drietal monumente in die middestad die totstandko-

ming van die Republiek moet gedenk, het Cruywagen vandeeweek gesê. Dit sou uit drie pleine bestaan, waarvan die eerste Kerkplein ter herinnering aan die ou Zuid-Afrikaansche Republiek, 'n plein vir JG Strijdom omdat hy die gedagte van 'n Republiek lewend gehou het, en dan Verwoerdplein vir die man wat Republiekwording verwesenlik het.

Oor die monument wat 'n simbool van onderdrukking vir baie sal wees, sê Cruywagen: "Daar is baie goed waarin mense baie dinge kan lees. Jan Smuts se standbeeld staan in Pretoria en daar is baie mense vir wie dit aanstoot gee, maar daar was nie 'n plan om dit om te stoot nie. En wat van koningin Victoria...